OUDERDOMSBEPALING EN TANDE-INSPEKSIE

3.1 Ouderdomsbepaling by skape en bokke

Ouderdomsbepaling word gedoen om ouderdomvas te stel en om kuddesamestelling, tandedefekte en siektes te identifiseer. Die oopmaak van die lippe om die tande te ontbloot moet sodanig geskied dat dit onnodige spanning en ongemak by die diere tot die minimum beperk. Die volgende illustrasie wys hoe dit gedoen behoort te word: Gebruik verkieslik die indeksvinger en middelvinger of duim om die lippe oop te maak.

Dit is belangrik om nie-tydelike tande in ’n jaaroud dier, wat nog nie begin wissel het nie, met die van ’n volwasse dier van vier jaar ouderdom (volbek) te verwar nie. Hierin sal die gesig se kenmerke van hulp wees.

Ouderdom word as volg by skape en bokke aangedui:
15 maande (1 jaar) ± 3 maande = 2-tand (twee permanente tande)
24 maande (2 jaar) ± 4 maande = 4-tand
33 maande (3 jaar) ± 3 maande = 6-tand
42 maande (4 jaar) ± 3 maande = 8-tand (volbek)
Slytbek 6-8 jaar = oud, kort tande
(of baie lang, los tande, as min slytasie plaasvind op

Figuur 1: Ouderdom by skape en bokke



Wanneer diere slytouderdom bereik, sou hulle reeds kondisie verloor het (as gevolg van swak inname) en dit sal selde lonend wees om hulle te voer om kondisie te herwin vir slagdoeleindes. Om hierdie rede moet teeldiere as ’n reël nie langer as agt jaar in die kudde gehou word nie. Op geil, sagte weidings (intensiewe stelsels) is daar weinig slytasie van die tande. Tande groei dan lank uit en raak los wat ook voerinname nadelig beïnvloed. In die verlede is tande reg gevyl, maar hierdie praktyk is nie aanvaarbaar nie (pynlik, onnodig).